Published on *Landbou.com* (http://www.landbou.com)

Hoë kospryse saai kommer

Deur MARIEKE SNYMAN

Voedselpryse in ontwikkelende land bly hoog ondanks die feit dat internasionale kospryse skerp gedaal het en graanoeste oor die algemeen baie goed is, sê die Verenigde Nasies se Voedsel- en Landbou-organisasie (FAO).

Die organisasie sê in sy jongste verslag oor voedsel en oesverwagtinge kospryse in sekere is selfs hoër as die hoë vlak van ?n jaar gelede of is steeds op rekordvlakke. Tussen 80 % en 90 % van graanpryse wat in 27 Afrika-lande suid van die Sahara gemonitor word, is in hierdie stadium steeds 25 % hoër as wat dit twee jaar gelede was, voor die voedselkrisis kop uitgesteek het.

In Asië, Latyns-Amerika en die Karibiese eilande, waar 31 lande deur die FAO gemonitor word, is tussen 40 % en 80 % van graanpryse meer as 25 % hoër as voor die krisis.Die rekordpryse wek kommer oor die voedselsekuriteit van arm stedelike en plattelandse gemeenskappe wat ?n groot deel van hul inkomste op kos bestee.

Die aanbod en vraag na graan wêreldwyd lyk bevredigend, ondanks ?n beraamde 3 % afname in produksie, vergeleke met 2008 se rekordvlakke. Graanproduksie vir vanjaar word op 2 208 miljoen ton geskat. Hoewel dit 3.4 % minder as die rekord-oes van verlede jaar is, sal dit steeds die tweede grootste oes ooit wees.

29 Julie 2009

- nuus artikel

Source URL (retrieved on *7 Okt 2009 - 08:24*): http://www.landbou.com/node/46169